

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 114**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Wat is u Antwoord?

## Het u geweet dat:

- \* die Bybel oor 'n tydperk van 2 000 jaar tot stand gekom het?
- \* honderde skrywers daaraan meegewerk het?
- \* 'n ryk verskeidenheid van stylvorme benut is — soos poësie, psalms, spreuke, wysheidsliteratuur, profesieë, historiese en apokaliptiese stof?
- \* drie grondtale gebruik is — Grieks, Hebreeus en Aramees?
- \* twee Testamente — wat vier eeue van mekaar verwyder lê — die Heilige Skrif vorm?

Tog het die hele Bybel met sy 66 boeke 'n **eenheid** gebly en verkondig dit net één boodskap.

Hierdie feit noop u egter nie om daarom die Bybel as outentiek te aanvaar nie. Nee, daar is 'n ander rede waarom die Skrif met gesag beklee is — die Bybel is 'n openbaring (bekendmaking) van God. Nie alleen het God Homself aan ons geopenbaar nie, maar ook verborgenhede wat u persoonlik raak. Kom ons noem enkele van hierdie openbaringsfeite:

- \* Daar sal 'n einde aan alle dinge kom — selfs die tekens van die einde word u in die Skrif meegedeel.
- \* Die satan en duiwels sal weer eens losgelaat word om die mense te pynig soos in die dae van Christus. (Openb. 9 en 19).
- \* God het nog 'n doel met Israel en Hy sal hulle nog tot bekering roep. (Rom. 9 tot 11).
- \* 'n Besondere heerser (Antichris) — wat tot magtige wonders in staat sal wees — sal nog sy verskyning maak.
- \* Na hierdie lewe kom daar 'n skeiding — die ewige lewe en ewige verdoemenis. Sonder 'n ware geloof in Jesus Christus is die saligheid 'n onmoontlikheid.

Hierdie verborgenhede — wat vir u in die Skrif geopenbaar word — forseer u om daarop te antwoord, want dit raak u intiem en persoonlik. U hele lewe en toekoms is in gedrang. Hemelse heerlikheid of helse vervloeking is op die spel.

Die Bybel verwag van u 'n antwoord. Die Skrif sê self: “vandag, as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie.” Nou durf u nie langer huiwer of uitstel nie. Die lewe is van korte duur en die tyd is min.

Daarom wil ek u vra: Wat is u antwoord?

**A. S. Heystek.**

# Die Bybel is die woord van God

Is jy op hoogte van sake? Is jy goed ingelig? Ek is seker dat jy positief kan antwoord op hierdie vrae. Vir enige mens is dit baie belangrik om te weet wat aangaan. Daarom lees jy mos ook koerante... die hoofartikel en die politieke kommentaar. Jy kan met vrymoedigheid praat oor die jongste letterkundige werke. Jy weet ook wat in die fliëks draai en wat nuut is op die musiekmark. Ek weet egter baie goed dat as ek jou vra of jy ook op hoogte is met dit wat in die Bybel staan, jy kwaad sal word.

Miskien glimlag jy meerderwaardig dat ek so naïef kan wees om van die Bybel te praat in hierdie moderne tyd. Hoe jy ook al daarop reageer, wil ek vir jou sê dat dit NOODSAAKLIK is dat jy ook sal weet wat in die Bybel staan, want dit is die WOORD VAN GOD.

In die Bybel hoor ons die stem van God in hierdie wêreld van ons:

- Dit is die Woord van God aan jou persoonlik.
- Dit is die boodskap van verlossing vir die enkele mens.
- Daarom is die Bybel vir jou noodsaaklik. Geen mens kan sonder die Bybel lewe nie.

## **Jou saligheid hang daarvan af**

In die Bybel het God deur sy diensknegte sy openbaring laat neerskryf wat geken móét word om gered te word: "... hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam." (Joh. 20:31).

## **Jou daaglikse lewe word daarvolgens gevorm**

Die Bybel is die enigste bron van die geloof en die enigste maatstaf vir die Christelike lewe: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." ( II Tim. 3:16).

## **Die wêreldgeskiedenis word daardeur duidelik**

Hierdie wêreld is nie aan die magte van die bose of aan die wil van mense oorgelaat nie. Jesus Christus is die Koning van die konings. Daar sal 'n dag kom dat elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader. (Fil. 2:11)

## **Moet dus nie kwaad word as ek met jou oor die Bybel praat nie**

Dit is die Woord van God wat gegee is tot die persoonlike behoud en redding van die mens. Daarom is die Bybel vir jou noodsaaklik.

## **Moenie in meerderwaardigheid die Bybel minag nie**

Dit is volmaak. Die Bybel bevat die wil van God volkome en alles wat vir jou saligheid nodig is, word daarin genoegsaam geleer. Moenie dink die Bybel is te moeilik om te verstaan nie. Dit is duidelik. God spreek in eenvoudige taal en wys die weg tot saligheid duidelik aan... soos in kindertaal. (Matt. 11:25).

Onthou, al die kennis wat die ingeligte mens mag versamel, sal verbygaan, tot niet gaan, waardeloos word... maar "Die Woord van onse God hou stand in ewigheid." (Jes. 40:8).

## **Kotie de Jager**

# Die gesag van die Bybel

Miskien kan u uit u Bybel nog onthou hoe daar telkens van die mense wat na die preke van Jesus gaan luister het, vertel word dat hulle verslae, onderstebo was van sy woord, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie. Daar was dus 'n groot verskil tussen die woorde van Jesus en die van die ander "predikante" van sy tyd.

Die woord van Jesus het iets gedoen aan sy hoorders — dit het hulle geraak. Hulle móés daarna luister en hulle móés wel daarop reageer! Ons weet wel wat die verskil was.

## Die verskil

Die Skrifgeleerdes het alleen maar van "hoorsê" gespreek. Hulle het alleen maar namens hulself en uit hulle eie idees oor God en oor die mens gepraat. Baie interessant soms, maar dit het nie regtig iets beteken nie, want daar het Niemand agtergestaan nie. Daarom het dit versand in 'n hoop tradisies en gewoontes wat in elk geval niks aan jou lewe kon verander nie, maar toe Jesus begin preek, was alles so anders!

Jy kon merk dit was die stem van die Heilige Gees in die harte van die mense — al het hulle dit toe ook nog nie so geweet nie. Jy kon merk dat God met jou praat deur die stem van die Rabbi uit Nasaret, want Hy het die dinge van God én die dinge van die wêreld en die mense presies so verduidelik en voor jou oë geskilder soos wat jy geweet het dat hulle is!

Daar het in die hart van daardie luisteraars iets geantwoord — soms positief in geloof en liefde en 'n nuwe hoop vir die lewe en soms negatief in ongeloof en haat — op die Woord van Jesus. Niemand kon koud bly daarvoor nie. "Sy woord was met gesag." (Luk-4:32).

## Daar het nog iets bygekom

Daar het nog iets bygekom. As Hy die Bybel geneem het en aan die mense verduidelik het wat daar staan, dan kon jy sien dat dit wáár is wat daar in die Boek vertel en geprofeteer word.

Al daardie dinge wat daar in die Wet en die Profete — die Joodse naam vir ons huidige Ou Testament — van Hom voorspel is, kon jy sien gebeur. Jesaja 6 en 7 en later Jesaja 53, om van al die ander profesieë oor die Messias nie te praat nie, is almal vervul in Hom. Daarom was sy prediking met gesag: Dit is God self wat hier spreek en jy móét luister!

Dit glo die kerk vandag nog van die Bybel — dat dit God self is wat hier spreek en jy moet luister. Die Bybel is die Woord van en oor dieselfde Jesus wat namens God en as God met ons spreek in hierdie Boek van profete en apostels.

Wie regtig luister na hierdie Boek, merk uit sy eie reaksie — die kerk noem dit die getuienis van die Heilige Gees in ons harte — jy gaan óf glo, óf jy word kiewelrig en afkeurig hierteenoor. Wie werklik lees in en luister na hierdie Boek, sal nog iets anders ook merk. Hierdie Boek het gesag, want dis wáár wat daarin staan!

## Dis wáár wat daarin staan

Die dinge wat daarin geprofeteer word, het gebeur en gebeur tot in ons eie tyd! Daniël 7 en 9; Mattheüs 24 en 25, die Openbaringsboek en tientalle ander profesieë is die klinkklare bewys vir die goddelike oorsprong en waarheid van hierdie boek. "... die blindes selfs kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is." Só bely die kerk.

Kan u al sien, of is u nog erger as blind?

**Lammert H. Stavast**

**Welgeluksalig is die man  
wat nie wandel  
in die raad van die goddelose  
en nie staan  
op die weg van die sondaars  
en nie sit  
in die kring van die spotters nie;  
maar sy behae is  
in die wet van die HERE,  
en hy oordink sy wet  
dag en nag.**

**— Psalm 1:1, 2**

**Want die wapens van ons stryd  
is nie vleeslik nie,  
maar kragtig deur God  
om vestings neer te werp,  
terwyl ons... elke gedagte  
gevangene neem tot die gehoorsaamheid  
aan Christus...**

**2 Korintiërs 10:4—6.**

# **DIE BYBEL:**

## **'n blok aan die voet...**

OF

## **'n lamp vir die voet**

Om streng Bybels te leef, is nie maklik nie. So baie "mag nie" en "moenie" in 'n wêreld van "kan" en "wil". Die Bybel wil net nie inpas in ons moderne lewe nie. Daar is natuurlik baie geleerdes en verwaandes wat wel probeer het. Hulle wou die Bybel oorskryf of anders lees om hom in te bring met die tyd, maar dit wil nie werk nie. Die Bybel bly steeds maar 'n negatiewe boek. Ons sien dit tog vandag.

Bybelse beginsels word in die argiewe gebêre en iemand wat nog streng Bybels probeer dink, word sommer afgeskryf as 'n "vrome" of "heilige" of selfs "skynheilig". As jy nou regtig 'n kring van spotters wil sien, dan moet jy met Bybelse beginsels by koerante aankom. Dan maak hulle jou eers belaglik. Jy is vir hulle 'n regte pretbederwer en koue water op warm plesier.

Vir baie is die Bybel vandag 'n blok aan die voet:

- 'n hindernis in die moderne lewe,
- 'n vangkuil in die ruimte-eeu,
- 'n donker boek in 'n verligte tyd.

Genoeg hiervan. Wat sê die Bybel self? "Die Woord van die Here is 'n lamp vir jou voet en 'n lig vir jou pad." (Ps. 119:105). Die orde word hier omgekeer.

Die gelowige is op weg deur die lewe, deur die geskiedenis en deur die donker wêreld. Langs die pad is baie gevare, maar nou is die troos vir die gelowige juis dat sy pad verlig word deur die Woord. In die lig van die lamp kan hy die gevare en bedreigings ken en weerstaan. Die gevaar is baie kleiner dat hy kan verdwaal.

Die Woord van God lei ons dus deur die lewe. Daarom leer hy ons nie net wat ons nie moet doen nie, maar wat ons wel moet doen. Die mens wat Bybels leef, bou nie mure om hom nie, maar laat juis mure val — hy gee nie gebied af nie, maar verower dit.

Dus is die Bybel nie 'n boek van "mag nie" en "moenie", maar van "moet" en "kan" — nie negatief nie, maar positief.

Hy wat Bybels leef en dink, moet maar vergeet om in te pas in die moderne lewe, want die wêreld sal vir hom te eng en te nou wees. Hy wat Bybels leef, moet regeer. Hy moet die toon aangee. Hy stap koersvas deur die lewe

- met die Bybel 'n lamp vir sy voet,
- 'n inspirasie in die moderne lewe,
- 'n lig in die donker tyd.

**J. M. Vorster.**

# Die volkomenheid van die Skrif

Ons lees vandag baie boeke, koerante, tydskrifte, nodige en onnodige leesstof. Ons wil graag ons kennis vermeerder, of ontspan met 'n lekker boek. Hoe min besef ons egter dat daar maar één **Boek** is wat waarlik wys maak, wys tot die saligheid — die **Bybel**, die **Heilige Skrif**, omdat dit die **Woord van God** is.

Die Bybel is juis so 'n wonderlike boek, omdat God self daarin aan ons sê dat dit **volkome en genoegsaam** is om ons te onderrig in die geloofslewe en te lei tot die saligheid. Ja, die Bybel is God se Woord wat ook van homself getuig dat "die hele Skrif deur God ingegee is, nuttig is tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing en tot onderwysing in die geregtigheid". (2 Tim. 3:16).

Daarom sê ons Nederlandse Geloofsbelydenis ook in Artikel 7 dat "hierdie Heilige Skrif die wil van God **volkomelik** bevat en dat **alles** wat die mens moet glo tot saligheid, daarin **genoegsaam** geleer word."

Vir niemand is dit geoorloof om iets anders te leer of voor te skryf as wat die Bybel ons leer nie. "Ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel" soos die apostel Paulus sê — die Here sê self in die Bybel vir ons: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie."

## **Wat ons nie mag doen nie.**

Omdat die Bybel God se onfeilbare Woord is, mag ons niks by die Bybel **byvoeg** nie. Of dit nou tradisie is, of ons eie menslike ervaring of besluite, of kerklike dekrete wat uitgevaardig word, dit bly teen die bevel van die Here, omdat dit die volkomenheid van die Bybel aantast.

Van die Bybel mag ons ook niks **wegneem** nie. Daar is vandag so baie mense en godsdienstige genootskappe wat die Bybel kritiseer, of stukke daaruit sny om by hulle sienswyse te pas. Dit is niks anders as verminking van die Bybel nie.

Ander **swyg** weer met opset oor bepaalde skrifgedeeltes, omdat hulle nie daarvan hou nie. Die dwaling is dan net so groot — jy wil jou nie laat leer deur die hele Skrif nie. Ag, ons is so lief om net die dele van die Bybel te lees of te onthou wat vir ons mooi is en wat maklik inpas by ons sondige lewe — wat ons nie direk beskuldig of veroordeel nie.

## **Groot betekenis vir ons lewe.**

Dat die Bybel volkome en genoegsaam is, is van groot betekenis vir ons lewe. Die Bybel het 'n **geheel enige en unieke** plek in ons lewe — of altans so behoort dit te wees. Dit moet ons **hele** lewe beheers. Onthou, omdat die Bybel God se waaragtige Woord is, kan geen ander boek, geen ander menslike geskrif, daarmee vergelyk word of daarmee gelykgestel word nie.

Jy vra miskien: "Sou hierdie Bybel ook vir my genoeg wees... iets vir my beteken?" Kom ons kyk dan weer na die Bybel. Die Bybel is inderdaad soos 'n organisme of 'n plant wat gegroei het tot **volkomenheid**.

Ons weet dat 'n welgeskape jong kindjie **volkome** in die wêreld gebring word. Dit besit alles wat 'n mens moet besit om tot volwassenheid te groei. So het God sy Woord ook laat groei van Genesis tot Openbaring en het Hy dit uiteindelik laat vasstel as 'n **volkome**, volwasse, afgeronde eenheid. Nou is die gebou van die Bybel voltooi en moet dit ons as swakke mense lei tot volwassenheid in die geestelike lewe.

God het in sy Woord ook 'n voedingskrag gelê wat ons waarlik voed. In die gewone lewe het

'n mens elke dag voedsel nodig om te kan lewe. Kla ons dan ook nie baie gou as ons nie gereeld ons etes kan neem of kos het om te eet nie? So kan ons ook nie geestelik lewe en God reg dien, as ons nie geestelik gevoed word nie. Hierdie geestelike voedsel kry ons in die Woord van God. Deur die Bybel gereeld te lees en na die prediking daarvan in die kerk te kom luister, neem ons hierdie voedsel in.

Die Bybel verkondig Jesus Christus as die enigste Verlosser van sonde en dood — Hy wat sê: “Ek is die Brood van die lewe.” Die Bybel moet geëet en bestudeer word. Die **hele** Bybel en nie net sekere dele daarvan nie. Die apostel Petrus sê self in die Bybel dat ons soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord moet verlang — dat julle daardeur kan **opgroei**. Ja, soos melk 'n kindjie voed, so wil God ons deur sy Woord **voed**.

### **Hoe kan ons dan sê... ?**

Hoe kan ons dan sê dat ons die Bybel nie nodig het nie? Dink goed na voordat jy weer sê: “Ek het die kerk nie nodig nie,” of “Ek het nie lus om in die Bybel te lees nie.” Die kerk gee jou die Woord van God wat jou waarlik voed om salig te word en altyd by die Here te wees. Wie nie lus het om hom in die Woord te verdiep nie, het ook nie lus om salig te word nie. Hy gee nie om wat van hom word nie.

Ja, dink goed na voordat jy weer die Bybel eenkant toe skuif!



# OORDEEL

# EN

# GENADE

Ons stem daarmee saam dat om 'n preek te maak, dit wil sê om die Bybel te verklaar en in die lewe van mense toe te pas, 'n geweldige verantwoordelike taak is. Dit is immers God se Woord wat oorgedra moet word en dit moet suiwer gedoen word.

Het u al daaraan gedink dat dit net so 'n verantwoordelike taak is om na 'n preek te luister of dit te lees of die Bybel te lees? 'n Mens kan nie die woord van die Here hoor of dit lees sonder dat daar iets in jou gebeur nie. Die Bybel sê self: "... dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees waartoe Ek dit stuur." (Jes. 55:11).

## Die Woord sal iets in ons doen

Die Woord sal iets in ons doen... daarvan kan ons nie wegkom nie. Ons kan nie anders as om te reageer nie... positief of negatief, instemmend of afwysend, gelowig of ongelowig. Dit is waarom daar so 'n geweldige verantwoordelikheid op die hoorder of leser van die Woord rus, want dit is nie maar woorde wat tot ons kom nie. Dit is Christus-self wat tot ons kom en Hy is nie maar 'n besoeker wat ons deurklokkie kom lui en die keuse aan ons oorlaat of ons die deur wil oopmaak of nie. Hy sal nie maar gelate omdraai as ons afwysend reageer nie. Nee, want Hy kom na ons met sy Woord om iets te doen.

Hy sal doen wat Hom behaag. As Hy deur sy Woord ons nie ophef nie, slaan Hy ons neer. As sy Woord vir ons nie tot opstanding is nie, is dit vir ons tot 'n val — dit is 'n reuk van die lewe tot die lewe, van die dood tot die dood. Hy verkondig in sy Woord aan ons oordeel of genade.

## Wat die Skrif ons leer

Die Skrif leer ons eers om God te ken. Hy is, volgens die eerste hoofstukke van Genesis, die Skepper van alle dinge. Daarin leer ons Hom ken as die Almagtige, die God aan wie alles behoort. Hy het dus ook absolute seggenskap oor alles. Daarom gee Hy sy wet — die eerste "jy mag nie" was aan Adam en Eva in die verbod om van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet. Daarmee saam kom die oordeelsaankondiging indien die mens nie sou luister nie: "Die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe."

Dadelik sien ons in die Skrif ook onself — die mens, skepsel van God wat aan Hom onderworpe moet wees, maar nie wil nie. Onder ingewing van die satan verontagsaam die mens die wet van God en neem van die vrugte en eet.

## Die oordeel van God

Nou kan dit nie anders nie. God is regverdig. Wat Hy gesê het, doen Hy. Hy het oordeel beloof as die mens nie luister nie en die oordeel moet, kragtens God se regverdigheid, in werking tree: "Vervloek is die aarde om jou ontwil... Vervloeking, vyandskap, moeite, smart, sweet, dood — stof is jy en tot stof sal jy terugkeer."

Die verhouding tot God is versteur. Die mens staan skuldig teenoor die hoogste Wetgewer en die oordeel word verkondig

— ook aan Israel. Om maar een voorbeeld te noem: "Maar as jy nogtans die Here jou God vergeet en agter ander gode aanloop en hulle dien en voor hulle neerbuig, dan verseker ek

julle vandag dat julle sekerlik sal omkom..." (Deuteronomium 8:19).

— maar ook aan ons: "Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer." (Hebreërs 10:26 en 27).

So kom ons deur die Skrif onder die besef van ons eie ellende en word die oordeel verkondig oor die mens wat hardnekkig weier om God te erken as die soewereine Wetgewer en regverdige Regter.

### **Die genade van God**

Dan kom die Skrif by alles tot ons as genadeboodskap. Die regverdige Regter is ook die barmhartige Vader. Hy wil nie dat sy kinders, wat die ewige dood verdien, verlore gaan nie. Hy besluit om self vir sy kinders, uit sy vrye wil, verlossing te bewerk; om die oordeel wat Hy kragtens sy regverdigheid nie kan of mag terughou nie, tog nie oor hulle te bring nie, maar oor iemand anders — oor sy seun Jesus Christus wat die oordeel vir hulle sal dra en só voldoende vergoeding sal gee — dat daar geen skuld meer oorbly nie.

Hy bring dan die offer om die regsverhouding te herstel, sodat sy kinders weer in 'n regverdige staat voor Hom sal staan — vry van die oordeel.

### **Ons groot verantwoordelikheid**

Die groot verantwoordelikheid van die hoorder van die Woord is om die God van die Woord te erken en Sy absolute gesag oor die dinge, ook oor my. Ek moet my skuld en verlorenheid voor Hom en my onmag tot die goeie erken, dankbaar die boodskap van verlossing aangryp en die Verlosser met 'n gelowige hart omhels.

Dan hoor ek die boodskap van genade: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word..." As ek dit nie doen nie; as ek hom wat spreek, afwys, dan hoor ek: "maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word." (Markus 16:16).

So het die Woord ook al tot Israel gekom in sy tweeledige werking: "Kyk Ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk." (Deut. 30:15).

Die hoorder en leser van die Woord moet daarmee worstel — biddend om geloof en biddend om die werking van die Gees van God wat sy woord aan my moet openbaar.

### **Die Heilige Gees en die Woord**

Per slot van rekening is dit die Heilige Gees wat deur die Woord werk. Hy kom deur die Woord en stuur die Woord om skeiding te maak. Om te verhard: "Hy het hulle oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met die oë sou sien en met die hart verstaan en hulle bekeer en ek hulle genees nie." (Johannes 12:40) — of tot bekering: "God het, nadat Hy sy kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer." (Hand. 3:26).

Hy kom deur die Woord om weg te stoot of nader te trek; om weg te dryf na die verdiende oordeel of uit genade te bring in ewige heerlikheid; om te openbaar of te verberg; om die koninkryk van die hemele oop te sluit of toe te sluit.

**P. J. W. S. van der Westhuizen.**

**Maar spreek jy  
wat by die gesonde leer pas.  
Beton jou in alles  
'n voorbeeld van goeie werke,  
met onvervalstheid in die leer,  
waardigheid, opregtheid.**

— Titus 2:1,7.

**Wie 'n oor het,  
laat hom hoor  
wat die Gees aan die gemeentes sê.  
Aan hom wat oorwin,  
sal Ek gee om te eet  
van die boom van die lewe  
wat binne-in die paradys van God is.**

— Openbaring 2:7.

**Pas op dat niemand  
julle as 'n buit wegvoer  
deur die wysbegeerte  
en nietige misleiding nie,  
volgens die oorlewering van die mense,  
volgens die eerste beginsels  
van die wêreld  
en nie volgens Christus nie.**

— Kolossense 2:8.